Les 14: GOD IS BY ONS IN ONS HARTSEERTYE

Vertel die verhaal

Gen 33:18-20; 35:9 - 21.

Jakob het met sy hele familie in Sigem gewoon waar hy grond gekoop het. Nadat hulle 'n gedenksteen gaan oprig het op die plek waar God aan Jakob verskyn het en die plek Bet-El genoem het, het hulle weggetrek na Efrata (of Betlehem). Op pad daarheen het dit tyd geraak dat Ragel se tweede babatjie gebore moes word. Dit was 'n baie moeilike geboorte en Ragel het baie pyn gehad. Die vrou wat haar gehelp het met die geboorte, het gesê: "Moenie bang wees nie, want jy het nog 'n seun bygekry." Ragel was besig om te sterf en terwyl sy haar laaste asem uitblaas, het sy die seuntjie Ben-Oni genoem. Die naam beteken "Seun van my pyn". Maar sy pa het hom Benjamin genoem wat weer beteken "Seun langs my regterkant" of "Lieflingseun". Dit was vir Jakob sleg dat sy lieflingsvrou gesterf het met die geboorte van sy jongste seun. Hulle het haar begrawe langs die pad na Betlehem en 'n gedenksteen op haar graf gesit.

Jakob en sy groot familie het verder getrek en hulle tente opgeslaan anderkant die stad Migdal-Eder.

Gen 35:27-29:

Jakob se pa, Isak, het nog nooit sy kleinkinders by Jakob ontmoet nie. Jakob, met al 12 sy seuns, het vir Isak in Hebron gaan kuier. Isak was al 180 jaar oud. Hy is dood terwyl Jakob-hulle hom besoek het. Jakob en sy broer Esau het hulle pa saam begrawe.

Bespreking

Ons het in 'n vorige les gesien dat tyd wonde genees. Esau was nie meer kwaad vir Jakob na al die jare wat hy weg was nie. In hierdie gedeelte wat ons gelees het, sien ons dat Jakob net betyds sy kinders vir Isak gaan wys het. In dieselfde tyd wat hulle as familie by Isak was, is hy dood. Ons kan dink dat Jakob baie spyt sou wees as hy nie betyds weer sy pa gaan besoek het nie. Ons moenie uitstel om tyd met ons familie en vriende te spandeer nie.

Dis ook goed dat Jakob en Esau, wat so baie baklei het toe hulle jonk was, saam by hulle pa was toe hy dood is. Dis juis in tye van hartseer dat familie mekaar moet bystaan.

Wie van julle het nog oupas en oumas? Wanneer het julle hulle laas gesien?

Wie van julle het al 'n oupa of ouma verloor?

Wat gebeur in tye van hartseer? (Familie kom bymekaar en deel mooi oomblikke saam.) Het julle ook al ervaar dat dit makliker is as 'n mens as familie mekaar bystaan in sulke hartseertye?

Aktiwiteit

Elke kind kry die helfte van 'n ☺ en elke tweede kind kry 'n ☹. Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Hartseer wat gedeel word, is halwe hartseer; vreugde wat gedeel word, is dubbele vreugde." Herhaal die spreekwoord. Wanneer "hartseer wat gedeel word, is halwe hartseer" gesê word, skeur elke kind met 'n ☹ -prentjie dit middeldeur en gee dit aan 'n maatjie. Wanneer "vreugde wat gedeel word, is dubbele vreugde" gesê word, sit hulle die twee helftes van die ☺ -gesiggies saam om 'n groot ☺ te vorm.

Speletjie

Ons gaan nou 'n "opstaan-speletjie" speel: Sit twee-twee na mekaar toe op die grond met julle voete teen mekaar. (Sorg dat die maatjies ewe swaar is.) Julle mag nie met julle hande op die grond druk nie en julle voete moet die heeltyd teen mekaar bly. Probeer om op te staan. As julle dit nie regkry nie, moet julle nou mekaar help om regop te kom. Sien julle: julle kry dit baie makliker reg. Wat leer ons uit hierdie speletjie? Twee is beter as een.

Kom ons lees Prediker 4: 9, 10 en 12:

"Twee mense kan saam meer doen as twee mense op hulle eie. As een van hulle val, dan kan die ander een hom optel. Maar dit sal sleg gaan met iemand wanneer hy val en daar is niemand om hom op te tel nie. As jy alleen is, sal rowers jou makliker aanval as wanneer jy 'n maat het. Drie mense is nog beter as twee . Dit is soos wanneer 'n mens drie toue neem en een dik tou daarvan maak, daardie tou sal nie maklik breek nie." (Vry aangepas uit "Die Bybel vir Almal" en "Die Bybel@kinders")

Gee vir elke kind twee stukkies gare van omtrent 20 cm elk. "Kyk of jy een van jou garedrade kan breek. Sien julle dat 'n mens dit maklik regkry? Nou gaan drie van julle jul orige garedrade saam vleg of opwen. Probeer nou om hierdie dikker gare te breek. Sien julle dat dit baie moeiliker is om die drie drade saam te breek of dat julle dit glad nie gebreek kry nie."

Gebed

Here, dankie dat U vir ons vriende en familie gee om ons te help as ons hartseer is. U self troos ons die beste, maar U gebruik ook ons maats en familie om ons by te staan in ons hartseer. Help ons asseblief om ook daar te wees vir ons maats wanneer hulle dalk hartseer ervaar. Amen.